

Maandag 21 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 59

Fokusgedeelte: Psalm 59:10

In nood wag ons op die Here vir krag en beskerming

Dawid het in groot nood – eintlik doodsgevaar – verkeer. Dikwels het Saul hom vervolg en wou hom doodmaak. Ons lees van die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die skryf van Psalm 59 in 1 Samuel 18 en 19.

Hoe hanteer Dawid hierdie groot nood wat hom bedreig het? Hy neem sy toevlug tot die Here. Self weet hy die vyand is te veel vir Hom. Maar ook het hy die insig gehad om te weet wie God is.

Hy roep God aan as sy Sterkte en rotsvesting. Hy weet God sal in sy soewereiniteit en almag hulle vernietig wat sy kinders skade wil aandoen. Hy weet verder dat God sy kinders beskerm. Daarom vertrou hy op niks en niemand anders as die Here nie. Dit is wat hy doen as hy bely: *op U wil ek wag*. Christus het sy kinders gered en beveilig. Daarom kan ons op die Here wag vir uitkoms. Ons doen dit deur te bid vir vrede en veiligheid. Ons wag op die Here deur op sy genade en barmhartigheid te vertrou.

Ons kan weet dat by die voleinding van die wêreld sal ons volkome en finaal van alle nood en doodsgevaar verlos wees. Ons wag dus met verlange op daardie dag van Christus se wederkoms. Ons kan egter nou reeds in vervolging, lyding, siekte, pyn en smart op die Here wag deur te bid en Psalms te sing:

My Sterkte, tot u eer wil ek psalmsing,

want God is my rotsvesting, my genadige God (Ps. 59:18).

Sing: Psalm 59-1:5

Dr. JD Mienie (Juan) (Zeerust)